### *Voorbereidings vir die naderende storm*

**186** Intussen gaan **Herme**, die boodskapper en sanger uit Caesarea Philippi, eers op die berg kyk hoe dit daar met die afgebrande stad gaan en hy sien dat geweldige brande nog hier en daar woed. Maar hy ontdek ook dat daar juis `n geweldige onweer vinnig uit die rigting van die stad nader kom, wat na sy mening nie so lank meer op hom sou laat wag nie.

[2] Soos `n weerprofeet kom hy nou die berg af en sê aan die ou Markus: "Beste buurman, daar is so baie gaste hier, en binne `n halfuur sit ons almal in `n rasende storm met onweer! Het jy wel voldoende onderdak om ons almal teen moontlike ongemak te beskerm? Want met so `n storm sal dit nie veilig wees om buite te bly nie! Die wind en die reën is nie die ergste nie, maar haelstene en bliksems is nie so aangenaam om in die ope lug mee te maak nie! As jy dalk te min onderdak het, moet ons voorsorg-maatreëls tref!"

**[3] Markus sê: "Solank die Een wat hier is, niks sê of opdra nie, is daar beslis ook geen gevaar nie!** Hierdie Een is ons beste en betroubaarste veiligheid. As Hy egter vind dat daar voorsorg-maatreëls getref moet word, sal dit ook so vinnig moontlik getref word! Beste vriend en buurman, bekommer jou dus maar gladnie, alles sal gou in orde wees!"

[4] **Ek** roep beide en sê aan Markus: "Die storm wat ons weldra sal bereik, sal ons behoorlik baie ongemak besorg! Daarom sien Herme dat `n paar afdakkies geen kwaad sou doen nie, maar hier is gladnie materiaal daarvoor nie! Waar kan jy dit in so `n kort tyd bymekaar kry?"

[5] **Markus** sê: "Meester, solank U by en met ons is, sê ek, soos ek al vroeër aan vriend Herme gesê het: **U is ons beste beskerming en ons het ewiglik geen beter en sterker nodig nie!"**

[6] Baie omstanders herhaal hierdie woorde van die ou Markus hardop en vol vertroue en **Ek** sê: "Goed dan! Maar as daar nou dalk `n harde haelbui sou kom met bliksems en `n wolkbreuk daarby?"

[7] **Almal** sê: "Meester, ook al sou daarby `n onge-hoorde aardbewing alle berge op `n hoop gooi, en sou alle sterre van die hemel val, dan sou ons in U teenwoordigheid tog nog uitbundig lag. Wat kan ons skaad, as U magtige hand ons beskerm?!"

[8] **Ek** sê: "Soos nou, moet julle ook in die storm en die gevaar nie net met julle monde spreek nie, maar ook met julle harte, dan sal julle deur julle geloof en deur julle lewende vertroue My beskerming geniet. **Maar as julle in die gevaar sou begin om terug te deins, sou My beskerming julle nie so baie baat nie!"**

[9] **Almal** sê: "O Meester, wie sal wankel in die geloof en die vertroue op U?! Vóór alles verlaat ons onsself op U Liefde en U almagtige Wil, want as U, o Meester, sou ophou om te wil, sou dit vir ons met al ons geloof en vertroue sleg lyk! Maar U is baie goed en regverdig en U sal ons vertroue nie tot skande maak nie!"

[10] **Ek** sê: "O, verseker nie, - julle sal juis op hierdie aand Elohim se Mag en Glansrykheid leer ken en voel! Bowendien móet hierdie storm kom terwille van die nog brandende stad, omdat sy andersins nog `n paar dae sou bly brand. Die storm sal wel ongeveer drie uur lank duur, en dit sal `n storm wees soos julle nog nooit beleef het nie, maar hy sal tog meer baat, as skade doen.

[11] Maar laat ons nou na die see gaan, want daar sal ons aanwesigheid die mees noodsaaklikste wees! Ook sal julle daar die woedende elemente die beste kan sien, en die Glansrykheid van Elohim sal julle daar ook beter ondervind as onder `n dak!"

[12] Na hierdie woorde trek elkeen na die see wat baie rustig was. Maar daar sien `n mens ook al die swart wolke naderkom, en ook oor die oostelike en suidelike berge toring die wolke massaal omhoog, en dit word vir almal nou duidelik dat daar `n geweldige storm aan die kom is. Bokant die see is `n massa stormvoëls te sien.

[13] Ouran begin daarom besorg te word oor sy mooi, kosbare tente. Hy kom na My toe en vra My of Ek die reisgeselskap ook sou wou beskerm, want met so `n reuse storm sou die tente baie sleg daarvan afkom!

[14] **Ek** sê: "Sê Ek dan nie aan julle dat die Glansrykheid van Elohim hom juis hier die duidelikste sal openbaar nie? Hoe kan julle dan ondanks dit so besorg wees oor julle armsalige tente, asof die heil van die wêreld maar enigsins daarvan sou afhang?! Kyk, die tente is groot en baie ruim. Laat, as die storm in alle heftigheid oor ons los sal bars, alle vroulike gaste daarin gaan, en ook die manlike, wat miskien tog deur `n te groot vrees bevange sou word! Want die storm sal seker nie mee te spot wees nie, maar met jou markiestente sal niks gebeur nie, behalwe dat dit ietwat nat sal word."

[15] **Ouran** sê: "Ek dank U vir hierdie belofte, wat nou al byna heeltemal in vervulling gegaan het. My tente, wat selfs by die grootste wolkbreuk geen druppel water deurlaat nie, staan nou almal ten dienste wie daarvan gebruik wou maak. Self sal ek egter ook by U, o Meester, wou buite bly."

[16] **Ek** sê: "Is jy dan nie bang vir die hael nie?"

[17] **Ouran** sê: "Ek het daar al saam met alle ander my mening gespreek en sê dit nou nogeens met die wyse spreuk van die Romeine: Si fractus illabatur orbis, impavidum ferient ruinae!"* *(*As die hemelgewelf instort, sal die puinhope `n onver-sadigde aantref; hy sal hom deur niks laat afskrik nie!)*

[18] **Ek** sê: "Goed so, maar nou begin die stormwolke van beide kante mekaar die vogtige hande te reik, en dit sal dus wel gou losbars! Ook op see vertoon daar al hier en daar groot rollers (golwe), en dit is dus vir die vreesagtiges tyd om die droë plek op te soek!"

[19] Visse spring uit die water om die laagvlieënde muggies te vang. Ook is daar `n altyd groeiende swerm seemeeue en swaweltjies bo die wateroppervlakte, en help die visse om die aantal muggies te verminder. Die water word op verskillende plekke erg onrustig, en hoog in die lug dwarrel die wolke altyd digter en wanordeliker deurmekaar. In die weste word die rol van die donder ononderbroke gehoor, en die stormvlae bo die volle see begin met hul vreesverwekkende, rasende, en loeiende stryd.

### *Die storm*

**187** Soos die lawaai van die vinnig naderende storm altyd sterker en meer rammelend word, en daar `n bykans volledige duisternis oor die see en oor die hele streek homself begin te uitbrei, begin die meer angstiges hulle in die tente terug te trek, en het geen sin meer gehad om buite by My te bly nie. Ook die leerlinge begin onder mekaar hardop van hul besorgdheid blyke te gee. Van die vyftig fariseërs bly daar nie één buite sodra hulle `n paar haelkorrels van `n pond voor hulle op die grond sien val nie.

[2] Ebahl spoor **Jarah** aan, om ook met hom na `n tent van Ouran te gaan, maar sy is nie van haar plek weg te kry nie en sê: "Wie kan nou so bang wees in die nabyheid en in die volle aanwesigheid van die Meester?! Sou so `n storm tot meer in staat wees as die liefde, die almag en die ewige, hoogste gesag van die Meester?"

[3] **Ebahl** sê: "Natuurlik nie, maar as daar haelkorrels van `n pond val, word jy onwillekeurig tog `n bietjie bang, veral as dit in digte massas uit die wolke na benede gaan val. So `n yskegel soos wat daar nou net één voor my op die grond geval het, sou maklik jou hoof kan verpletter!

[4] Ek glo dat selfs by die digste haelbui daar nie één my of my dogtertjie sal raak of kwaad sal doen nie, maar ondanks dit word `n mens soos ek onwillekeurig deur die gebruiklike angs oorval. Maar nou sal ek tog nie bang wees nie, want ek kan my deur my eie Jarah tog nie tot skande laat maak nie!"

[5] Nou begin dit al heelwat harder te hael. Haelstene die grootte van twee vuiste val met groot krag op die grond, op die see begin huishoë golwe sigbaar te word, die een bliksem volg op die ander, en saam met die digte hael begin ook die reën in strome neer te val.

[6] Nou slaan Hebram en Risa met die dertig jongeres ook op die vlug en verskuil hulle onder die tafels. Suetal, Ribar en Baël, die vernaamstes van die voormalige twaalf misdadigers, bly, en My leerlinge bly ook, behalwe Judas Iskariot. Die Romeinse soldate soek beskutting in die huis, en in die vissershutte van Markus, en onder die oorhangende rotse.

[7] In My onmiddellike omgewing bly egter Cyrenius, Cornelius, Faustus, Julius, Philopold, Kisjonah, Ebahl met Jarah, Rafael en Josoë, dan die elf leerlinge, die ou Markus met sy twee seuns, en ook Mathael met Ouran, Rob, Bos, Miga en Sahr.

[8] Maar Helena, nou die vrou van Mathael, vlug ook met die vrou en die dogters van Herme in die tente in. Herme bly egter by My.

[9] **Hoewel ons heeltemal onbeskut aan die oewer van die see staan word niemand deur die massaal vallende haelstene of plonsende reën geraak nie**. Ook bly die plek waar ons staan kurkdroog. Bliksems slaan voor en agter ons in die grond, maar hinder merendeels slegs ons ore deur hul krakende slae. Maar nou begin `n orkaan ook in alle heftigheid die see te bewerk, en dadelik kom daar golwe so groot soos klein berge aangerol, wat vir mense-oë vreesaanjaend lyk.

[10] Toe sê **Markus**: "Meester! Ek is nou tog al `n ou man en ek het in Calabrië en Sicilië onweersbuie gesien en meegemaak, maar so `n stormweer soos uit die tye van Noag nog nooit! Meester, hierdie hael sal die streek verwoes vir jare! Die verskriklike waterstrome spoel alle kosbare grond die see in! Dit sal vir die arme mense chaoties word! En die einde is nog nie in sig nie, maar dit storm altyd harder en erger! Die daar onder die tafels sal nog verdrink as dit nie ophou nie! Die tafels help tog al weinig meer nie, want dit lê al in stukke! - Meester, hoe lank sal die storm dan nog duur?"

[11] **Ek** sê: "Hy het nog nie eers behoorlik begin nie, en jy wil hom dan al beëindig sien?! As hy omslaan, sal jy eers sy krag leer ken! Origens hoef jy jou glad nie onrustig te maak oor hierdie storm nie! As hy nie noodsaaklik was nie, sou één teken van My voldoende gewees het om hom te laat verdwyn. Hy is nou egter net so nodig vir die behoud van die aarde soos wat jou oë vir jou is om te kan sien. Daarom laat ons hom heeltemal uitwoed!

[12] Aan die ander kant moet die bepaalde vriende van die glans tog ook eers iets van so `n ware glans ondervind, wat hulle by My mis! Kyk net hoe die versteektes uit die openinge van die tente gluur en nie kan verstaan hoe ons die onweer buite so opgewek kan deurstaan nie! Maar om na buite te kom het hulle gladnie genoeg durf nie. O, hoe ontsettend klein is hul geloof nog!"

[13] **Markus** sê: "Dit is alles mooi en goed, maar waarvan sal die arme mense nou moet lewe? Want U sien tog goed dat die onophoudelike hael alles totaal verpletter en die stromende water alle grond in die see inspoel! En duisende mense en huisdiere word nou gedood, en hulle wat lewendig hiervan afkom, sal naderhand sekerlik aan die hongerdood oorgelewer word! Dit is tog al `n harde en sware bestraffing met die allerdikste tugroede ter wêreld!"